EREDIENSTE & AKTIWITEITE VANDAG

- Eredienste 08:00 & 10:00 in die Kerk –
  Ds. Fourie Rossouw
  Musiek: 08:00 Orrel & 10:00 Kontemporêr
  Laerskool Fairland se Senior koor tree tydens die oggenddienste op.
- Erediens 08:00 & 10:00 in die Kapel -
  Ds. Hansie Breedt
  Baie geluk aan die volgende babas wat vandag gedoop word:
  Nina & Luca Delport; Luhané Sunel van der Schyff; Anaïs Geyer; Migail Mostert.
- KIX-kerk 08:00 & 10:00 in die Groot saal -
  Ds. Hettie Wessels
- JonkX byeenkoms 17:30
- Erediens 19:00 in die Kerk –
  Ds. Hettie Wessels
  Musiek: "Band"
- Meditatiewe Erediens 19:00 in die Kapel -
  Ds. Kobus Sandenbergh

EREDIENSTE & AKTIWITEITE VOLGENDE SONDAG (6/11)

- Eredienste 08:00 & 10:00 in die Kerk – Doop
  Ds. Fourie Rossouw
  Musiek: 08:00 Orrel & 10:00 Kontemporêr
- Erediens 08:00 & 10:00 in die Kapel - Doop
  Ds. Kobus Sandenbergh
  Laaste Kapeldienste van 2011
- KIX-kerk 08:00 & 10:00 in die Groot saal -
  Ds. Henry Stopforth
- JonkX byeenkoms 17:30
- Erediens 19:00 in die Kerk –
  Ds. Hettie Wessels
  Musiek: "Band"
- Meditatiewe Erediens 19:00 in die Kapel -
  Ds. Hansie Breedt
  Laaste Kapeldiens van 2011

Donderdae om 12:00
Geen Kapeldiens op 3 November nie.

DAGBOEK

- 31 Oktober - Nuwe lidmate vergader om 19:00 in die Groot saal.
- 6 November – Dankfees & doop
- 13 November – Nagmaal, asook ds. Hansie & Lanette Breedt se afskeid tydens die oggenddienste. Daar is 'n geselligheid na albei die oggenddienste in die Groot saal. Almal is hartlik welkom!
- 20 November – Kerssangdienste 08:00, 10:00 & 19:00. Hierdie jaar gaan ons baie meer saam sing en dit gebeur rondom die vertel van Kersfees-stories. Nooi gerus al u vriende saam.
- 27 November – Kerkraadsvergadering om 20:00 waarby beroep uitgebring word.

Die Kerkraad versoek die gemeente om nou reeds voorbidding te doen vir die baie belangrike proses rondom die beroeping van 'n nuwe voltydse leraar.

BASAAR

* **Wen 'n diamant**! Die basaarkomitee doen 'n beroep op gemeentelede om te help om hierdie kaartjies te verkoop. 'n Boekie het 10 kaartjies @R10 elk, in. Die wenner kan 'n pragtige diamant ter waarde van R13 000 wen. Die kompetisie sluit op 30 November 2011. Dankie vir ondersteuning.

ALGEMEEN

- **Sekuriteit en parkering:**

Probeer asb. om nie in die straat te parkeer nie. Verder moet alle rybane asb. oop gehou word. Parkering vir gestremde en ouer persone wat moeilik loop, is voor die Kerk en by die Kapel. *Hou dit asb. vir hulle oop.*

- **Biblioteek:** Ek is besig om te organiseer en 'n boekelys op te stel. SMS gerus as jy wil kom inloer, ek is feitlik enige oggend beskikbaar. Ilze 082 789 0621.

- Ons Gemeente beskik oor **mediese hulpmiddels**, bv. rolstoele, krukke, ens. wat deur gemeentelede gebruik kan word. Kontak asb. die Kerkkantoor indien jy so iets benodig.

- Town Square se Clicks bied op Donderdae 'n gratis kliniek aan alle persone met 'n "Stats road to health" kaart. Navrae Aileen 011 475 7567.

- Die Ouhout groep is betrokke by Parksorg en is op soek na 'n werkende versterker (amplifier) en CD speler (of kombinasie) vir hulle kapel. Kontak asb. vir Andre Cool 011 678 1180.

BYBELSTUDIE GELEENTHEDE

- **Dinsdae:** Mammas met babas – om 10:30.

Bring gerus jou kleinding saam, want hulle word deur bekwame oumas opgepas. Navrae Lizette 083 269 9811 / Mari 072 445 3799.

- 15:30 Wilgeheuwel Aftree-oord in die gemeenskapsaal, elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand (tydens skoolkwartale). Almal welkom. Navrae dr Willem Saunderson (083 657 9828) of Les Fischer (082 689 8318)

- **Woensdae:** 05:45 vir Mans deur Ds. Hansie in Lokaal B7. (011 475 0475 / 082 455 5035)
- 05:45 vir Mans by Ds. Kobus 011 475 1474 / 082 451 1671
- 09:00 in die grootsaal. Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828 of 011 794 9375)
- Harveston Aftree-oord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand (tydens skool-kwartale) om 15:00 by die skouhuis. Navrae dr. Willem Saunderson (083 657 9828) of Ben Greyling (083 442 1187)

- **Donderdae:** 08:00 vir Dames in lokaal B7. Navrae: Ds. Hansie 082 455 5035
- 15:30 Donderdae: Jakaranda Aftree-oord, elke 1ste en 3de Donderdag van die maand (tydens skoolkwartale) in die gemeenskap-saal. Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828) of Piet Pretorius (072 502 8009)
- **Saterdae:** 07:00 vir Mans in lokaal A1. Navrae: George Louw 082 491 5313

- Ons Ouhout groep soek nuwe lede vir 2012. Die groep bestaan uit getroude pare oor 60jr. en ons wil in 2012 weer voltallig wees met 5 pare. Daar is parkering vir 4 motors. Ons kom bymekaar Woensdae 19:00-20:15 by Ouhoutweg 26, Weltevredenpark Uitbruiding 9. Bel gerus vir Andre Cool 011 678 1180 vir meer informasie.

LIEF EN LEED

Diensleraar: Ds. Hettie Wessels
011 482 7377 / 083 254 6833
Barnabas diensbeurt:
Marie van Aarde 011 477 0174 / 082 399 3494
Lang termyn:

- Babs Human sterk aan na 'n beroerte-aanval. Haar man is Daan (083 349 6763). Hulle kry baie swaar.
- Chrissie Pretorius (072 123 4897) sukkel om te herstel na 'n operasie. Haar man is Piet (011 958 0298 / 072 502 8009).
- Tannie Alice Verrynne, ons oudste lidmaat, is in Ons Huis se versorgings-eenheid. Haar dogter is Alice Nel (010 210 7031 / 083 560 3845).

Kanker - gemeentelede:

- Willie Lubbe ontvang behandeling vir beenmurgkanker. Sy vrou is Poppie (083 246 4243)
- Babs Mostert (082 853 8321) ontvang behandeling vir kanker. Haar dogter is Rona (084 516 8320).
- Gert (083 496 9084) & Belinda (083 399 0732) Oosthuizen se dogter Danielle (15) het Leukemie en ontvang behandeling.
- Stefan van Pletsen ontvang behandeling. Sy vrou is Heleen (082 795 1765).
- Petro Vorster sterk aan na 'n operasie waarin 'n gewas verwyder is. Haar dogter is Bea (082 467 5326).

Kanker – familie van gemeentelede:

- Toelie Pienaar (083 325 8672) se ma ontvang behandeling.
- Francis van der Westhuizen (011 475 7054) se kleinseun, Gabré (21) ontvang behandeling.
- Runell (083 287 1671) en Tinus Diederick se pa het kanker.
- Collis (083 704 2837) & Estelle (011 475 3653 / 083 410 8682) Janse van Rensburg se skoondogter Adéle, het longkanker en ontvang chemoterapie.
- Sylvia Zittlau (011 475 5360 / 082 512 8482) se skoonseun Theuns, het kanker.
- Karien van der Berg (082 876 1775) se skoonsuster Belinda, het kanker.
- Coen Swart (083 776 4699) se ma het kanker.
- Anja Wiggett (084 464 7011) se pa het kanker.

Ander:

- Venise Whiteley (071 107 8729) het geval en haar heup gebreek, maar is nie geopereer nie. Sy moet vir nog 4 weke plat lê en sterk aan by haar dogter Esmé.
- Marianne Gertenbach (082 459 0283) se ma is ernstig siek. Haar man is Adam (082 685 5899).
- Ilze de Villiers (082 789 0621) se pa het gesondheidsprobleme.
- George Ross is in Helen Joseph hospitaal. Hy is vermoedelik deur 'n spinnekop gebyt en sukkel dat sy been herstel. Sy vrou is Caroline (082 302 9536).
- Alecia Taljaard (083 307 6130) se ma het ernstige gesondheidsprobleme.
- Oom Bartjie Viljoen het gesondheidsprobleme. Sy dogter is Marna 082 452 1705.

KERKRAADSAKE:-

Die Kerkraad maak die volgende voltydse **Leraarspos** bekend. Gemeentelede is welkom om persone wat aan die vereistes voldoen, by die kerkkantoor 011 475 5510 te nomineer. Navrae kan by enige van ons Leraars gedoen word.

Die Gemeente

NG Weltevreden is oral waar sy lidmate werk, leer en leef in die groter Johannesburg-gebied en veral waar sy lidmate woon in die noordwestelike voorstede van Johannesburg.

Die gemeente is ernstig oor sy missionêre identiteit en is oortuig dat die Drie-enige God die gemeente roep en stuur om God se nuwe bedeling in die groter Johannesburg te help sigbaar maak. Die gemeente het vyf leraarsposte waarvan een vakant is.
Die bedieningspan bestaan verder uit twee pastorale hulpe, 'n gemeentebestuurder en 'n voltydse maatskaplike werker.

Die Leraar

Ons glo dat 'n leraar wat aan die volgende vereistes voldoen, die gemeente kan begelei op haar reis as gestuurde gemeente as deel van 'n span.

- 'n Geordende leraar in die NG Kerk-familie.
- Iemand met ten minste 10 jaar ondervinding as leraar en wat goed in 'n span kan saamwerk.
- Iemand met sterk leierseienskappe wat kan help om 'n positiewe klimaat te skep waarin God se toekoms vir die gemeente onderskei kan word.

- Dié onderskeidingsvermoë beteken vir ons om in die Woord en die wêreld te wandel. Dit veronderstel 'n persoon wie se lewe sterk deur die Woord gevorm word, maar ook iemand wat die tekens van die tyd kan lees, tendense kan peil en die kerk kan help om deel te neem aan God se werk in die wêreld.
- 'n Persoon vir wie netwerkvorming en uitstekende interpersoonlike vaardighede tweede natuur is, en wat 'n komplekse gemeente kan help koördineer.
- Iemand wat uitdagings en die strategie vir die gemeente se toekoms kreatief kan aanpak.
- Iemand wat verandering kan begelei en bestuur, en wat saam met die leraarspan kan dien binne die raamwerk van artikel 9 van die Kerkorde.
- Iemand met 'n passie vir pastorale versorging.

Aansoeke sluit op 31 Oktober 2011 en CV's kan aan Mev. Sonet Guy gestuur word by bemarking@ngweltevreden.co.za of gefaks word na 011 475 5350.

BAIE WELKOM AAN DIE VOLGENDE BELYDENDE LIDMATE:-

* Willem Johannes Goosen vanaf Hervormde kerk Krugerdorp – Oos
* Margaretha Johanna Kruger (nou Goosen) vanaf Hervormde kerk Krugerdorp – Oos
* Victoria Elizabeth Gloy (nou Nienaber) vanaf Horison-Noord
* Yolandé Pretorius (nou Rautenbach) vanaf Hervormde Kerk Germiston
* Jaqueline Andriette Brüssow (nou Jansen van Rensburg) vanaf APK Middelburg
* Alwyn van der Merwe vanaf Vrye Geref. Kerk De Deur
* Mara van As (nou vander Merwe) vanaf Vrye Geref. Kerk De Deur
* Ettienne Francois Oosthuizen vanaf Harare
* Henco Jansen van Rensburg vanaf Hervormde kerk Weltevredenpark
* Tania Vlok (nou Jansen van Rensburg) vanaf Hervormde kerk Weltevredenpark

'n Personeellid van die kantoor is elke Sondag na die Oggenddienste by die trollie voor die Hoofdeur van die kerk beskikbaar vir enige navrae of hulp.

Corneliusstraat 1140, Weltevredenpark 1709
011 475 5510 / 011 475 1597 / 011 675 1095

Bankbesonderhede:
NG Weltevreden
ABSA Northcliff (Takkode: 334 705)
Reknr: 730 580 460
Verwysing: Naam + Van + Waarvoor